



NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE STADSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 30 NOVEMBER 2023 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

RAADSLEDE:

Bess, D G (DA)	Pieters, C (ANC)
Booyesen, A M (VF+)	Pypers, D C (DA)
Fortuin, C (ANC)	Smit, N (DA)
Jooste, R J (DA)	Soldaka, P E (ANC)
Le Minnie, I S (DA)	Van Essen, T (DA)
Ngozi, M (ANC)	Van Zyl, M (DA)
O'Kennedy, E C (DA)	Vermeulen, G (VF+)
Papier, J R (GOOD)	Williams, A M (DA)
Penxa, B J (ANC)	

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede, amptenare en lede van die publiek.

Rdl N Smit open die vergadering met skriflesing en gebed op uitnodiging van die Speaker.

Rdl D G Bess lees die bevestiging van Swartland Munisipaliteit voor om op te staan teen Geslaggebaseerde Geweld teen Vroue en Kinders en die Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer en rdle D G Bess en C Fortuin steek x3 kerse aan ter ondersteuning van die veldtog.

Medelye word betoon aan mnr R du Toit (die voormalige Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste) met die afsterwe van sy eggenoot.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

BESLUIT dat kennis geneem word van die verskonings ontvang vanaf rdle C Daniels en A K Warnick en dat rdl M F Gaika afwesig is sonder verlof.

3. SAKE VIR BESPREKING

3.1/...

3.1 **VERKIESING VAN NUWE RAADSLID: MNR A M WILLIAMS (17/17/3/2/4; 3/1/7)**

Die Speaker gee geleentheid vir rdl A M William of die Eed van Getrouheid af te lê.

Rdl A M Williams is by wyse van 'n tussenverkiesing in Wyk 7 op 8 November 2023 tot die Swartland Munisipale Raad verkies en is bevestiging dienooreenkomstig vanaf die Onafhanklike Verkiesingskommissie ontvang.

BESLUIT

(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesekondeer deur rdh J H Cleophas)

- (a) Dat die Raad kennis neem van die verkiesing van rdl A M Williams as wyksraadslid van Wyk 7 met die tussenverkiesing wat op 8 November 2023 plaasgevind het;
- (b) Dat die aanstelling van rdl A M Williams op die munisipale raad met ingang van 8 November 2023 bevestig word;
- (c) Dat rdl A M Williams aangewys word op die volgende komitees van die Raad as verteenwoordiger van die DA:
 - (i) Portefeuljekomitee: Siviele en Elektriese Dienste
 - (ii) Portefeuljekomitee: Beskermingsdienste
 - (iii) Swartland Verkeer- en Wetstoepassingdienste: Oorsigkomitee.

3.2 **GOEDKEURING VAN DIE 2023/2024 SPESIALE AANSUIWERINGBEDRYFS-BEGROTING (5/1/1/2 – 23/24)**

Artikel 28 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 bepaal die omstandighede vir die oorweging van 'n aansuiweringsbegroting.

Die Munisipale Bestuurder gee agtergrond tot die fondse wat deur middel van 'n Spesiale Aansuiweringbedryfsbegroting in die 2023/2024 begroting opgeneem moet word, naamlik:

- R500 000 as nooduitgawe wat in beginsel deur die Uitvoerende Burgemeester goedgekeur was na afloop van die brandramp in Malmesbury op 8 Oktober 2023 waarna 54 volwassenes en 29 kinders dakloos gelaat is;
- R680 000 as Munisipale Elektrieseits beplanningstoelae om studie insake koste van voorsiening van elektrisiteit uit te voer.

Die Direkteur: Finansiële Dienste bevestig dat wanneer addisionele befondsing bekom word die MFMA bepaal dat dit binne 60 dae in die betrokke begroting opgeneem moet word.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en die goedkeuring van die Spesiale Aansuiweringbedryfsbegroting word beslis (in die afwesigheid van drie raadslede) met 17 stemme ten gunste daarvan en drie raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat kennis geneem word dat die Begrotingsbeheerkomitee vergader het om die verduidelikings en motiverings van die finansiële en ander sleutel direkteure te oorweeg in 'n poging om die Uitvoerende Burgemeester te adviseer insake die pad vorentoe;
- (b) Dat die in beginsel goedkeuring deur die Uitvoerende Burgemeester van nooduitgawes ten bedrae van R500 000 as onvoorsien en onvermydelik, goedgekeur word soos aangewend volgens die besonderhede in **Aanhangsel A**;
- (c) Dat goedkeuring verleen word om die hoë-vlak bedryfsbegroting vir 2023/2024 as volg te wysig met geen veranderinge aan die buite jare nie:

Tabel/...

3.2/(c)...

	Oorspronklike Begroting 2023/24	Oorrol Aansuiwerings begroting 2023/24	Spesiale Aansuiwerings begroting 2023/24	Oorspronklike Begroting 2024/25	Oorspronklike Begroting 2025/26
Kapitaalbegroting	209 052 395	240 803 827	240 803 827	218 968 545	208 303 329
Bedryfsuitgawes	1 071 330 062	1 072 205 062	1 073 385 062	1 174 132 994	1 371 930 505
Bedryfsinkomste	1 192 485 181	1 221 543 458	1 222 223 458	1 311 049 716	1 489 696 468
Begrote (Surplus)/ Tekort	(121 155 119)	(149 338 396)	(148 838 396)	(136 916 722)	(117 765 963)
Minus: Kapitaal Toekennings en Donasies	107 386 943	135 980 220	135 980 220	115 594 000	91 660 000
(Surplus)/ Tekort	(13 768 176)	(13 358 176)	(12 858 176)	(21 322 722)	(26 105 963)

- (d) Dat kennis geneem word dat die veranderinge in die begroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2023/2024 finansiële jaar of verder nie, terwyl die begrote netto surplus van R 13 358 176 verander na R 12 858 176;
- (e) Dat die aangepaste begrotingskedules soos vereis deur die Begroting- en Verslagdoeningregulasies goedgekeur word soos vervat in **(Annexure B: Budget Report and A-Schedules 2023/24 – 2025/26)** uiteengesit;
- (f) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;
- (g) Dat die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) toepaslik dienoooreenkomstig gewysig word.

3.3 KONTRAK HERSIENING: DARLING GREEN UTILITY SOLAR PV AANLEG (K12-14/2022)

Die Raad is op 26 Oktober 2023 ingelig aangaande die voorneme om die ooreenkoms met Darling Green Utility (Pty) Ltd vir die aanbring van 'n Solar PV-aanleg te wysig om lg. tyd tot 30 Oktober 2024 te gee om aan die goedkeuringsvoorwaardes te voldoen, onderhewig aan 'n publieke deelnameproses.

Daar is in totaal 12 kommentare ontvang op die voorneme van die Raad en almal is ten gunste van die wysiging van die ooreenkoms.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl R Jooste)

- (a) Dat kennis geneem word van die publieke deelnameproses wat gevolg is en die insette/kommentaar wat ontvang is;
- (b) Dat die Raad goedkeuring verleen vir die wysiging van die ooreenkoms met Darling Green Utility (Pty) Ltd om teen 30 Oktober 2024 aan al die goedkeuringsvoorwaardes te voldoen;
- (c) Dat die Munisipale Bestuurder met volmag beklee word om die gewysigde ooreenkoms te onderteken namens die Munisipaliteit.

**GETEKEN:
SPEAKER**